**Saterdag 20 Mei**
**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:1-9**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:2 (AFR83)**

## Maak jou huwelik 'n bastion teen onsedelikheid

Seksuele behoeftes is net so 'n deel van jou en my menswees as wat die behoefte aan kos en beskerming deel daarvan is. Deur die sondeval het ook die seksuele behoeftes van die mens jammerlik besoedel geraak. Die sondige mens gee graag aan sy eie drange en begeertes vrye teuels. Die eie ek met sy selfgesentreerde begeertes word die vertrekpunt en uiteindelik die finale doelwit.

Die apostel Paulus sê: *"... weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man."*

Die hedendaagse samelewing het, wat onsedelikheid betref, geen perke nie. Voorhuwelikse, buitehuwelikse asook sogenaamde homoseksuele en transgender seksuele verhoudings word as normaal en selfs aanbevelenswaardig voorgehou. Boonop word die tradisionele huwelik dikwels as outyds en beperkend afgemaak. Al sulke gedagtes is lynreg teen God se Woord, en elkeen wat daarmee besig is, verwerp die Here se lig en waarheid.

Die huwelik is, benewens ons verhouding met God, die eerste en heel basiese verhouding wat God ingestel het. God se wil is dat gelowige mans en vrouens hulle seksuele behoeftes binne die grense van die huwelik sal uitleef.

Omdat die mens as gevolg van die sondeval van nature geneig is om die verkeerde keuses te maak, ook ten opsigte van die seksuele, het God sy Seun gestuur om ons daarvan te verlos. Elke gesonde huwelik, gebou op Christus as Rots, word onder leiding van die Heilige Gees 'n lewende getuienis van Christus (bruidegom) se verhouding met sy kerk (bruid).

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Dr. DJ de Kock (Danie) (emeritus)*